

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 09 Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10. Teks Kol. 2:17: “Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.” Tema: “Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste.” Wie het gesê die Sabbatdag moet onderhou word? Dit staan baie duidelik in Exodus 20:1 “Toe het God al hierdie gebooie aangekondig.” en “Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.” God self het die Sabbatdag ingestel om onderhou te word. Maar kyk nou wat sê Paulus in Kol. 2: 16: Niemand mag vir jou sê dat jy die Sabbatdag moet vier nie. Die teenstelling tussen Exodus 20 en Kol. 2 is duidelik: in Exodus 20 sê God dat die Sabbatdag onderhou moet word, maar in Kolossense sê Paulus dat niemand vir enige Christen meer mag voorskryf om die Sabbatdag te onderhou nie. In Mat. 5 in die Bergrede kondig Jesus aan dat Hy nie gekom het om die Tien Gebooie te verander nie, maar om hulle hul volle betekenis te gee, en verder nog dat geen Christen een jota of titel van die Tien Gebooie mag verander nie. So!? Hoekom onderhou ons nie meer die Sabbatsgebod nie? Gister, Saterdag was die Sabbat. Dit is die sewende dag van die week. Vanoggend, Sondag, is nie die Sabbatdag nie. Wat het ons gister gedoen? Alles wat 'n mens nie op die Sabbatdag volgens die Ou Testament mag doen nie. Ons het almal die hele Saterdag lank gewerk, gespeel en gekuier en omtrent elke Sabbatsgebod oortree. Hoekom onderhou ons nie meer die Sabbatdag nie, maar al die ander gebooie in die Tien Gebooie? Want dit gaan oor die verskil tussen twee soorte wette: 1. Wette wat vir ons wys hoe ONS die Here moet liefhê, dit is wette wat vir ons wys hoe ons moet leef, en 2. Ander wette waarmee die Here vir ons wys hoe lief HY ons het. Hierdie wette is prentjiewette. Dit is maniere waarop mense prentjies uitbeeld van hoe God ons liefhet. Dit is nie wette wat vir ons wys hoe ons God moet liefhê nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 09 Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10. Teks Kol. 2:17: “Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.” Tema: “Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste.” Die verskil tussen wette wat ons wys hoe om God lief te hê en wette wat ons wys hoe God ons liefhet, kan ons met 'n voorbeeld oor 'n hoërskoolseun en -meisie wat vir mekaar lief is, toelig. Hulle twee is elke dag saam en is vir mekaar regtig lief. Hulle gee aan mekaar aandag, deel hulle gevoelens en ervarings met mekaar, sit styf teen mekaar en doen dinge saam. Dan kom daar 'n rugbytoer! Voor hy op die bus klim sê sy: “Neem van my 'n paar foto's met jou selfoon!”, en dan maak sy hom belowe dat hy elke dag na haar foto sal kyk en aan haar sal dink en onthou hoe lief sy vir hom is. Regte liefde werk so! Wanneer ons by mekaar is, kyk ons die hele tyd vir mekaar, maar wanneer ons verwyderd is van mekaar, dan kyk ons na mekaar se foto's. Wanneer jy nie na haar foto wil kyk wanneer julle nie by mekaar is nie, voel jy nie meer regtig lief vir haar nie. Maar wat sal nou gebeur wanneer hy terugkom van die rugbytoer en hulle gaan sit weer styf teen mekaar, maar hy kyk nie

vir haar nie maar kyk na die foto's van haar op sy selfoon en gee al sy aandag aan haar foto terwyl hulle teen mekaar sit? Sy gaan verskriklik kwaad wees vir hom en sy gaan loop en hom los. Hoe so? Die verskil gaan oor of hulle fisies by mekaar is of nie by mekaar is nie! Wanneer hulle by mekaar is, kyk hulle vir mekaar. Wanneer hulle nie by mekaar is nie, kyk hulle na mekaar se foto's. Foto's kyk wanneer hulle nie by mekaar is nie, is belangrik vir hulle liefde, maar wanneer hulle bymekaar is, is dit belangrik vir hulle liefde dat hulle ná mekaar en nie na mekaar se foto's sal kyk nie. Die prentjiewette van die Ou Testament was foto's van hoe Jesus Christus wat kom hulle lief het. Dit was belangrik in die Ou Testamentiese tyd om daarna te kyk! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 09 Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10. Teks Kol. 2:17: "Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus." Tema: "Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste." In die Ou Testament was die prentjiewette belangrik gewees. In hierdie "foto's" het die gelowiges gesien hoe lief die Here hulle het, terwyl Hy nog nie gekom het om saam met ons te wees as die Christus nie. In Matteus 12 wys die Here dat sy dissipels nie meer aan die prentjiewette, God se foto's oor sy liefde, gebind is nie omdat Jesus, wie self die Sabbatgebod gegee in Ex. 20, nou as Here van die Sabbat, self God met sy dissipels is. Mat. 28:20. Omdat Christus nou God met ons is, mag ons nie meer aan die prentjiewette oor Hom aandag gee nie. Ons gee nou ons liefde vir Hom wat in werklike liefde met ons is. Die Here Jesus gebruik nie meer prentjies van offers om vir ons te wys Hy het ons só lief dat Hy SELF vir ons die offer sal gee nie. Hy wat SELF die offer vir ons sonde was, is nou God met ons; Hy gebruik ook nie meer prentjies van priesters wat offers bring om sy liefde vir ons te wys nie. Hy is SELF nou ons priester wat sy offer vir ons gebring het en Hy is saam met ons in sy liefde; Hy gebruik ook nie meer die prentjies van spesiale klere van priesters om te wys net hulle mag offers bring nie. Hy wat SELF spesiaal is omdat Hy God is en mens vir ons in die hemel is, is saam met ons God in liefde; Hy gebruik nie meer 'n tempel as 'n foto dat God by ons woon nie. Hy is SELF God wat in liefde by ons woon; Hy gebruik nie meer die teken van die Sabbat om te wys dat Hy ons liefde vir Hom heilig laat wees nie Exodus 31: 13. Hy SELF is met ons en laat ons liefde vir Hom heilig wees saam met ons. Hebreërs 10: 10 (Nuwe Afrikaanse of 1953 vertaling) Ons mag nooit weer met die foto's oor God se liefde besig wees nie. Dit was net 'n skaduwee. Ons leef in liefde met Christus wie werklik God met ons in liefde is. Preek beskikbaar op google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 09 Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10. Teks Kol. 2:17: "Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus." Tema: "Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdienste." Geestelikes maak vandag hul eie skaduwee-prentjies oor die werklikheid van God se teenwoordige liefde. Met nuwe seremoniële godsdienste, wat

God afgeskaf het, wil hulle God in die wêreld teenwoordig probeer maak - Kol. 2:17. In eredienste moet mense hul sondes op papiertjies skryf en dit met spykers teen 'n houtkruis in die kerk vasslaan sodat hulle kan ervaar die Here is vir hulle gekruisig. Dis 'n seremonie. Só maak hulle die gekruisigde Christus wie reeds met jou is, en jou van sy liefde verseker, net 'n skaduwee in jou lewe. Hulle doen dit ook met waterspeletjies! Lidmate moet nou met hul hande in die doopbak vroetel of by die kerkdeur kaalvoet deur water loop om hul self te herinner aan hulle doop. Só maak hulle van die teenwoordige Here wat jou deur sy Woord elke dag deur die doop herinner dat Hy jou sondeloos maak, net 'n skaduwee. Die dominee wil met sy spesiale mantel of serp jou laat voel dat die Here vir jou sondes gely het (rooi), dat die Here vir jou gebore is (wit). dat die Here sy Gees vir ons gegee het (groen) en dat die Here ons regeer (pers). Só maak hy met kleredrag van die Here wie met jou is en deur sy Woord verseker Hy is vir jou gebore, vir jou gekruisig, Hy gee sy Gees vir jou en regeer jou deur sy genade, net 'n skaduwee. Hulle maak nuwe altare en offers. Hulle noem die ruimte voor die kansel nou die "altaar" waar mense met 'n "altarcall" hulle self aan God moet oorgee. Só maak hulle van die Here wat sy kruis die altaar vir sy liggaam as enigste sondeoffer gemaak het, net 'n skaduwee. Met kerse en kersliggies wil hulle jou laat voel jy leef in die lig van die Here en maak hulle van die Here wat met sy Woord jou lig is, net 'n skaduwee! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 09 Mat. 12: 1 – 18; 28: 18 – 20; Kol. 2: 16 – 23; Heb. 10:1 – 10. Teks Kol. 2:17: "Dit alles is maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus." Tema: "Christus met ons beëindig alle seremoniële godsdiens." Die werklike regte liefde van Christus vir ons (Kol.2:17) en die opgemaakte seremoniële liefde van geestelikes is soos die verskil tussen 'n veldwagter en 'n sirkusbaas! 'n Veldwagter het die leeu in die wildtuin regtig lief. Hy doen alles wat 'n regte veldwagter doen sodat leeu, regte leeu in die wildtuin kan wees. 'n Sirkusbaas se liefde vir leeu is nie regte liefde nie. Dit is opgemaakte liefde. Dit wil regte leeu na sirkusleeu transformeer. Hulle wil leeu vang, in hokke aanhou en dan simpel toertjies leer om soos mense te lyk. Met 'n klap van 'n sweep moet 'n leeu op 'n stoeltjie sit en op sy agterpote loop – soos 'n mens! Die Here se liefde vir ons is veldwagterliefde, regte liefde van God vir mense wat regtig mense is. Geestelike predikante, pastore en priesters se liefde vir mense is sirkusbaas liefde! Hulle wil mense met hulle seremoniële toertjies soos God laat lyk vir ander mense – hulle moet kamstig " 'n teken van God se koninkryk" wees in alles wie hulle is en wat hulle doen. As geestelikes hul wettiese swepe klap, dan moet mense seremoniële toertjies uitvoer om soos God te lyk en God se werke na te doen, net om na die tyd weer in die geestelikes se hokke van skuld en minderwaardigheid as mens opgesluit te word. So maak hulle gelowiges bespotlik en bevange! Die hartseer van sulke sirkusleeu is dat hulle nie meer vry leeu in leeuwêreld kan wees nie. Hulle het dit verloor. Net so gaan dit met mense wat geestelikes aanhou en met seremoniële toertjies besig hou. Hulle kan nooit regte mense in God se werklike liefde wees nie.

Ons as gelowiges leef saam met Christus wat ons werklike mense in sy skepping laat wees. Ons is nie geestelikes se toertjienarre nie. Preek beskikbaar op google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus